Sebi die miskruier

Skrywer: *Edith Kriel*

Kunswerk: *Carla Gaum*

Tema: *Met 'n positiewe uitkyk kan mens negatiewes in positiewes verander*

Gepaste ouderdomsgroep: *alle ouderdomme, veral 8 jaar en ouer*

Eendag was daar 'n jong miskruier met die naam van Sebi. Sebi het haar naam gekry omdat sy hard gewerk het elke dag – sy kan nie 'n enkele dag onthou wat sy nie gewerk het nie. (Sebi is kort vir Sebenza wat "werk" beteken in isiZulu, een van Suid Afrika se tale).

Dag na dag het Sebi dieremis versamel en dit met haar agterbene gerol tot in 'n bal. Meeste van die tyd het sy gewerk met haar agterbene in die lug en haar kop af na die grond, onderstebo en agterstevoor. Al die ander miskruiers het dieselfde gedoen heeldag, elke dag. Wanneer Sebi wou rus, sal een van die ander miskruiers haar herinner: "Jy kan rus in die aand maar in die dag hou miskruiers nie op werk vir een minuut nie!".

Sebi was siek en sat daarvoor om mis te rol heeldag. Sy wou baie graag haar lewe verander. Sy het die reuk van mis gehaat en haar klein voetjies het taai en stinkerig geword van werk met mis elke dag. Sy het somtyds gemaak asof sy balle van soet heuning, wat al die diere lief voor is, rondstoot. In die aand het die reuk van mis haar so baie gepla dat sy nie behoorlik kon slaap nie. Sebi het gevoel asof die misbolle by haar spook. Sy het selfs nagmerries gehad waar sy reuse misbolle heel dag en heel aand moes rondstoot! Somtyds het sy wakker gelê in die nag wanneer

al die ander miskruiers vas slaap. Sy het gedink die ander miskruiers nooit sou verstaan hoe sy voel nie.

Sebi was heeltyd bekommerd oor hoe erg sy stink. Die ander diere het hulle neuse rondom haar gevrommel en somtyds het hulle haar gespot omdat sy so 'n vuil en stink werk moet doen. Dit het haar baie vuil en stink laat voel aan die binnekant. Na 'n ruk het sy ophou praat met die ander diere en haarself eenkant gehou. Dit het haar baie eensaam en alleen laat voel.

Elke dag het Sebi maar aanhou misbolle rol – maar sy het al hoe stadiger begin werk. Sy wou regtig nie meer hierdie werk doen nie. Sy wou gehad het haar lewe moes meer wees as net misbolle rol. Maar sy was nie seker wat anders sy kon doen nie, want dit is wat miskruiers doen. Al die ander miskruiers het tevrede gelyk om hierdie werk elke dag te doen. Hoekom pla dit haar so baie?

Dae en maande het verby gegaan en Sebi het slegter en slegter begin voel. Sy het gewag vir iets om te gebeur wat haar beter sal laat voel, maar niks het ooit gebeur nie. Eendag word sy wakker en sê vir haarself: "Ek kan nie so aangaan nie. Vandag sal iets moet verander. Ek moet iets doen om dinge te verander. Vandag is die dag wat ek besluit om iets omtrent dit te doen!".

Wel, iets het gebeur. Dit het gebeur toe Sebi vir 'n oomblik stop, bo-op haar misbol geklim het en 'n goeie uitsig oor die veld gekry het. Sy sien toe die pragtige blommetjies en die helder kleure en dit maak haar toe gelukkig. Sy ruik die soet reuke van die veld en dit maak toe haar hart spring van vreugde.

Sebi vra toe haarself: "Hoe kan ek 'n manier vind wat werk vir my gelukkiger sal maak?". En op daardie oomblik het sy besluit om haar lewe te verander. Sy sê toe vir haarself: "Ek was gebore as 'n miskruier en sal altyd 'n miskruier wees. Ek sal altyd misbolle rol en ek weet miskruiers doen 'n belangrike werk. Maar ek kan 'n manier sien om my lewe te verander – ek kan my misbolle gebruik om 'n pragtige blomtuin te begin! Ja, dit is wat ek gaan doen!".

En so kies Sebi 'n stukkie grond vir haar tuin. Sy het dae en dae spandeer om mis te rol na haar tuin en dit uit te sprei oor die grond. Toe versamel sy saadjies van die blomme wat hulle blare oopmaak vir die son. Sy het die saadjies versigtig geplant en het seker gemaak dat elkeen genoeg sonlig en water het om te groei.

Sebi het elke dag teruggegaan na haar klein tuintjie. Sy was gelukkig toe die eerste groen blaartjies begin kop uitsteek. Sy was baie opgewonde toe die klein blommetjies begin oopmaak. Dag na dag het meer plantjies begin blom. Die saadjies wat Sebi geplant het, het 'n pragtige tuin geword, vol verskillende kleure en reuke!

Die bytjies en ander goggas het gekom om nektar te versamel en binnekort het diere van ver en naby gekom om Sebi se wonderlike misbol blomtuin te sien. Die ander miskruiers het ophou mis rol om te kom kyk wat sy geskape het. Sommige van die besoekers het verstaan dat Sebi iets wat vuil en stink was, verander het in iets wat pragtig en soet is. Hulle het mekaar gevra: "Hoe het sy